'N LAASTE WOORD

Dit is baie moeilik om jou eie persoonlike gevoelens en emosies openbaar te maak, veral as jy ’n man is. Maar 'n mens moet maar openhartig, eerlik en vrygewig wees oor dit wat met jou gebeur het. Alhoewel ons almal ons verskillende paaie stap, dra ons dikwels maar almal net verskillende maskers en leef ons baie in ontkenning van die werklikheid en van wat ons eie innerlike gevoelens en tekortkominge is. Ons steek dit weg want ons wil nie uitgevang word dat ons dalk nie so oulik is as wat ons voorgee ons is nie ! En dan haal die lewe ons soms maar in !

Ek het nooit iemand gehad, behalwe natuurlik my ma en Johanna, met wie ek my diepste gevoelens gedeel het nie. Ek weet ook nie hoeveel mans werklik sulke vriende, behalwe hulle lewensmaats, het nie. Miskien is dit die rede dat ek op hierdie later stadium eers my lewensverhaal neergeskryf en vertel het. Het ek ook uit mý “kas” uitgekom ? Ek wou perspektief kry oor hoe my lewe verloop het en wou dit nie meer soos ’n lamp onder ’n maatemmer wegsteek nie ! Dit het my gemotiveer om hierdie retrospektiewe joernaal van my lewe te skryf.

Ek het soos ’n helikopter opgestyg om ’n uitsig van bo-uit die lug van my lewe te probeer kry, vandat ek in Grabouw gebore is tot waar ek nou in Reebok, tussen Groot Brakrivier en Klein-Brakrivier woon. So baie het gebeur, maar van daarbo kon ek my lewe in retrospek evalueer. Soveel seëninge en voorregte het my te beurt geval. Daar was baie suksesse en ook ’n paar mislukkings en teleurstellings. Maar op die einde het alles reg uitgewerk want ek het geleer dat my lewe nie in my hande was nie, maar in ’n Hoër hand, wat reeds van die begin van my lewe geweet het wat die beste vir my sou wees. Ek moes maar net die pad loop en lesse in my lewe leer. Nou verstaan ek dinge baie beter en het berusting in my lewe gevind.

Miskien is dit waarom ek hier en daar weer persone gaan opsoek wat vroeër deel van my lewe was. Dit is vir my kosbaar, noudat ek dinge beter verstaan, om hulle weer te ontmoet en met hulle te gesels oor dinge van ons jeug, *wat verby is*, maar tog op daardie stadium van my lewe vir my so belangrik was. Ek besef egter dat almal dit dalk nie so ervaar of verstaan nie ! Maar dit is wie ék is en hoe ék my herinneringe van gister koester.

Ek het iewers * gelees dat daar geen einde is aan dinge aan wat jy in jou hart gebêre het nie. Indien jy oor iets ernstig in jou lewe was en dit letterlik “ter harte geneem het”, sal dit vir altyd daar wees vir jou. Ongeag wat met jou gebeur, sal dit daar bly, steeds wagtend. Dit kan ’n persoon, ’n plek, ’n droom, ’n ideaal, ’n ervaring, ’n sukses of selfs ’n mislukking wees. Enige iets wat vir jou heilig is of was, bly daar en al is dit dalk nie meer haalbaar in jou lewe nie, klop dit steeds saam met jou hart. Ek het geleer dat ek met daardie dinge moes vrede maak, dit moet hanteer, daarmee moet saamleef en daarin berus !

* Intussen het ek ontdek dit is ’n insetsel vóór in die boek “Lost Light” deur Michael Connely.
(My eie vry vertaling !)

Maar ek dank die Here, dat ten spyte van wat ék as teleurstellings of mislukkings in my lewe ervaar het en ek ook soms minderwaardig daaroor gevoel het, dat dit vir my op die ou einde duidelik geword dat die Here my telkens gelei het op die pad wat Hy wou hê ék moes loop. Daar was stadiums in my lewe dat ek dinge anders wou gehad het. Ek het tog later uitgevind dat dit die Here se manier was om my te gelei het op die pad wat Hy wou gehad het ek moes loop en dat my lewe wel reg verloop het ! Bly hoop en glo en

moet nooit opgee nie ! As jy op Hom vertrou en in jou lewe toelaat, sal die Here altyd iemand se lewe ten goede laat eindig !

Ek het later besef hoe geseënd my lewe was en om die geleentheid te gehad het om 'n baie vervullende professionele loopbaan te kon hê op terreine wat ek nooit verwag het nie en waar ek persone dalk op ’n ander manier kon gehelp het. Ek geniet steeds baie wonderlike jare en tye saam met Johanna, my kinders en kleinkinders! Waarvoor kan ek nou meer vra ? Ons het uitgevind om nederig te lewe, oop hand te wees en wanneer jy gee, jy weer ruim terugkry !

Soos ek ouer geword het en ek begin nadink het oor dit wat in my lewe gebeur het, was dit asof die sluise van my geheue oopgegaan het en ek baie dinge in die fynste besonderhede weer kon onthou wat ek beleef en ervaar het. Anders gestel, ek het ontdek dat ek baie dinge nie vergeet het nie ! Ek het my lewe lank gesukkel om sekere dinge, veral my teleurstellings, agter my te sit en aan te gaan met my lewe. Ek het déjà vu ervarings gehad en is teruggeruk na dinge wat in die verlede gebeur het en waaroor ek soms weer baie nostalgies en emosioneel gevoel het. Ek wou teruggaan na die tye wat vir my lekker was en dit weer beleef ! Maar die lewe werk nie so nie ! Dit was reeds agter my en was onherroeplik verby en ek kan maar net die herinneringe daaroor koester. Ek het geleer dat ’n mens moet kan aanbeweeg en ’n ander koers kan inslaan as dinge nie meer vir jou met jóu uitkyk en ingesteldheid in die lewe werk nie. Dan moet jy die geloof en moed hê om ander werkakkers te gaan soek, wat vir jou, jou vrou en jou gesin weer gelukkig sal maak. Dit verg egter moed, maar ek glo ek en Johanna het dit in 2004 gedoen toe ons Outeniquastrand toe verhuis het met die seën van die Here !

'n Mens beplan, maar die Here bepaal die pad waarop jy moet loop. Ek beny jongmense wat so argeloos, onskuldig, vrygeestig en selfs naïef, hulle eie hede ervaar en aanvaar en dit so geniet !

Ek is bly ek het nou al hierdie dinge neergeskryf soos ek dit ervaar en onthou het. Om die waarheid te sê, dit het vir my baie bevrediging en afsluiting gegee van dinge wat in my lewe gebeur het. Ek het ter harte geneem wat Frans Marx by geleentheid gesê het, naamlik dat "al lees niemand jou boek nie, skryf die storie klaar. Jy’t nie nodig om aan bande gelê te word nie." Al het ek dit net vir myself gedoen, is ek ook tevrede dat ek oor my lewe nagedink en daaroor geskryf het ! Dit het my 'n geleentheid gegee om my lewe uit 'n alternatiewe hoek te kon betrag ! Ek het met terugskouing dinge raakgesien en ingesien waarom dinge so gebeur het en wat ek op daardie oomblikke, toe dit gebeur het, nie verstaan het nie. Ek het besef dat dit wat met ons almal in hulle lewe gebeur, nie toevallig is nie. Daar is 'n Goddelike bloudruk vir elkeen se lewe, maar dat ons ook keuses moet maak ! Dit was vir my bevrydend om dit te kon besef het, al was dit eers later in my lewe. Dit het ook vir my baie berusting gegee oor dit wat ek op sekere stadiums anders in my lewe wou hê. Gelukkig hoef ek my nie nou meer te bekommer oor wie ek wou wees en nie is nie ! Ek kan nou net konsentreer op wie ek IS !

Alhoewel ek waarskynlik die vermoë gehad het om dít wat ek vir myself in my loopbaan in die vooruitsig gestel het, te kon bereik, sou ek waarskynlik nie die temperament gehad het om 'n loopbaan in daardie rigting te kon vólhou nie en dat my werk later baie stresvol sou gewees het. Die Here het my toe op 'n ander spoorlyn gerangeer waar ek ook baie bevrediging in my werk gekry het en baie gelukkige jare beleef het.

Die feit dat ons vir meer as tien jaar op Outeniquastrand langs die see kon gaan woon en werk, was 'n baie groot seën. Ek kon vir soveel meer jare, nadat ek by die universiteit sou moes aftree, steeds werk en kon ons lewe en omgewing en ons gastehuis met soveel mense uit alle uithoeke van ons land en die wêreld deel. Dit was 'n voorreg ! Ek en Johanna wou dit nie anders gehad het nie !

Ek het onlangs 'n deel van Ernst Grundling se program op televisie gesien oor sy staptog op die Camino de Santiago de Compostela. Hy verpoos by David Vidal se padstalletjie. David noem dit "The House of God". Alles daar is gratis. Wanneer iemand iets wil bydra is dit hulle keuse of dit geld, of iets te ete of te drinke is. Sy filosofie is dat wanneer jy aan ander vryheid gee, gee jy ook geleenthede en verantwoordelikhede aan hulle. Hy is al agt jaar daar en nog steeds oop vir 24/7/12/365 ! Almal geniet sy plek, of hulle geld het of nie, want dit is God se plek ! Hy sê dat wanneer jy op 'n plek is sonder geld, praat niemand oor geld nie. Indien jy op 'n plek is met baie geld, praat mense baie oor geld. Wanneer jou ingesteldheid in die lewe is om te deel, is geld niks nie. Leef liewer in eenvoud. Hierdie is Sy plek. Hy leef daar en hou die plek in stand om dit met ander te deel. Dit is almal se plek want dit is God se plek. Is dit nie maar waaroor ons lewens gaan nie ? God het ons geskape en bepaal wat Hy wil hê ons moet doen. Hy gee ons geleenthede en die vaardighede daarvoor. Ons leen dit by Hom en ons moet dit in stand hou en met ander deel. Ons is maar net rentmeesters van sy skepping !

Dit word gesê dat behalwe die buite landskap op jou staptog met die Camino, jy ook 'n binne landskap ervaar. Ek het nie die Camino gestap nie, maar het met hierdie joernaal op my voetspore terug gestap na gister en ook 'n binne reis op 'n pelgrimstog ervaar ! Wanneer jy jouself weer opnuut ontdek, is dit asof hierdie buite- en binne landskappe bymekaar kom en een word en dit is nie eintlik iets wat met woorde en foto's uitgedruk kan word nie !

https://www.youtube.com/watch?v=EzIT8vQFb1Q

Ek het ook besef dat, ten spyte dat ek eerlik en opreg en openhartig was oor dit wat ek in my lewe gebeur het, my familie, vriende en kollegas, wat vir my lief en my goedgesind was en deernis vir my situasie gehad het, my nooit verwerp het nie en baie begrip teenoor my getoon het. Ek het baie troos daarin gevind en besef nou wat ware liefde en vriendskap beteken !

Ek het besef dat ek eintlik 'n bestekopname van my lewe gedoen het. Ek was verstom oor hoeveel voorregte, seëninge, geleenthede en lekker ervarings my te beurt geval het en hoeveel wonderlike mense oor my pad gekom het ! Ek het die toerusting gekry om my lewe te kon aanpas by my omstandighede, toe dinge nie vir my wou uitwerk soos ek dit wou gehad het nie. Ons kan nou met minder klaarkom, maar is steeds baie gelukkig en ons voel baie ryk, want wat ons het, is vir ons genoeg ! Op die ou einde is dit nie die goed wat jy oor die jare bymekaargemaak het nie, maar die ervarings in jou lewe wat jou gaan bybly !

Ek sal altyd vir almal wat dit deur my lewe moontlik gemaak het en bygedra het tot my vol lewe, ewig dankbaar wees. Dit wat moontlik nog in my lewe voorlê beskou ek as 'n bonus wat die Here vir my nog wil gun ! Niemand kan in die lewe alles doen en en dit vir altyd doen nie; ook nie alle plekke wat daar is, besoek nie, maar ek is baie dankbaar vir dít wat tot dusver aan my toegedeel is. Daar is reeds heelwat van my vriende en tydgenote op skool, op universiteit, in my werk- en sosiale kringe, oorlede. Ek waardeer dit dat ek op 76 jarige ouderdom nog goeie gesondheid geniet en is dankbaar dat ek met die nodige medikasie en sielkundige ingesteldheid as depressie stryder, hierdie nare toestand kan hanteer (en wen) en die lewe saam met Johanna, ons kinders, kleinkinders, familie en vriende kan deel.

Ek het baie geskryf oor dit wat in die verlede gebeur het. Ek het aan die einde besef ek moet my nou toelê op die hede ! Op dit wat NOU IS en wat ek elke dag beleef met my dierbares. Om elke dag en elke geleentheid te gryp en te geniet en ek bid dat ek die toerusting sal kry en gereed sal wees om, dit wat in die toekoms nog vir my voorlê, te kan hanteer.

Ek het baie geestelik gegroei in die proses wat ek teruggedink het oor my lewe. Ek het altyd vir my studente gesê dat die belangrikste element van die leerproses is om te *reflekteer* oor dit wat jy geleer het, hetsy in 'n 'n lesing, 'n praktika of studie in jou handboek of notas of uit eie ervarings. Deur eers ná te dink oor dit wat met jou gebeur het en wat jy geleer het en dit woordeliks of in jou gedagtes te kan weergee, kan jy eers besef of jy verstaan wat jy geleer het ! Toe ontdek ek op 'n laat stadium van my lewe dat, deur hierdie joernaal op te teken, dat dít wat ek aan hulle voorgehou het, presies nou so in my eie lewe gebeur het !

Ek en Johanna geniet ons uittree jare baie en is baie dankbaar dat ons nog steeds, ten spyte van ’n turbulensie hier en daar, goeie gesondheid geniet en in 'n mooi deel van ons land ons laaste jare kan deurbring *en dit ook met ander graag wil deel*. Ek is besonder geseënd dat die Here dit so bestem het in my lewe dat ek en my twee broers, na baie jare, sonder dat ons dit so beplan het, nou weer baie naby aan mekaar woon en dat ons met hulle en al ons skoonsusters, wat goeie vriendinne deur die jare geword het, goeie tye saam kan deurbring en kan geniet en lekker saam kan kuier !

Baie dankie dat jy van die hoofstukke van *My Reise na Gister* gelees het wat jy wou, of waarmee jy dalk kon identifiseer en dit met my gedeel het

PIERRE DE WET geskryf in Augustus 2019
Groenkloof Reebok
Groot Brakrivier

‘N NAGEDAGTE

Op 10 Augustus 2016 het ‘n artikel deur Wilhelm Jordaan in Die Burger se rubriek “Van Alle Kante” verskyn. Ek haal dit hier aan as ‘n nagedagte by dít wat ek in my lewe ontdek het en probeer sê het:

“OORTREFFENDE TRAP NIE ALTYD DIE HOOGSTE SPORT NIE”.

“Die moderne Olimpiese Spele se leuse, soos Pierre de Coubertin dit in 1900 verwoord het, is die Latynse woorde citius (vinniger), altius (hoër), fortius (sterker).

Dit is goed om die deelnemers se vernuf, vasberadenheid en deursettingsvermoë te aanskou, hoe sportprestasie se “trappe van vergelyking” aanhoudend vinniger, hoër en sterker verstel word. Daaruit kom, in die tradisie van die Spele, gepaste heldeverering.

Terselfdertyd is dit goed om, verby die Olimpiade se groot heroïek, ook te dink aan die *klein heroïek van gewone mense se alledaagse bestaan, die eie stiller lewe.*

Want as ons dit vergeet, word heldhaftigheid beperk tot die skouspelagtige. ***Juis dan word jy blind daarvoor dat jy geroep is om* die *held in jou eie klein lewensverhaal te wees.***

Dié blindheid word gevoed deur ’n samelewing wat “gejaag” word deur verbete wedywering waarin die buitengewone en die asembenemende tot aller maatstaf van waardevolle menswees verhef word. In die trant van ’n soort “Olimpiese” eerste, belangrikste, meeste, hoogste, rykste, slimste, beste.

Só raak ons gekondisioneer om te dink jy het as mens eintlik misluk as jy nie uitgestaan het nie, nie iets buitengewoons geskep het wat onthou sal word nie, nie op die “podium” was en vereer is nie.

Dít maak dat ons klein heroïek miskyk. Soos ’n mens dit teëkom in die moed van ’n kleuter se eerste skooldag, of 'n kind wat sukkel met 'n leerprobleem, die moed van ’n mens wat worstel met ’n lewens krisis, die moed om die dood van ’n kind of ’n lewensmaat of 'n liefdesteleurstelling te verwerk, die moed om aan te hou probeer as jy misluk het in jou studie, werk of verhoudingslewe.

https://youtu.be/dl4A4gZpsJo

Die lakmoestoets vir heroïes menswees is nie of jy onder die vergrootglas van die openbare mening ’n “sukses mens” geword het nie, maar of jy dapper en verbeeldingryk geleef het en minder gerig was op die verwagtings van ander en nie gelei is deur die dogmas van jou tyd nie.

Dié toets beteken jy het dit reggekry om alles wat jy is en wat met jou gebeur het tot ’n bekoorlike, betekenisvolle samehang in ’n brose harmonie saam te voeg, in dit wat goed was en sleg was, wat jy gesê het of ongesê gelaat het, wat gedoen was en versuim was, wat dom was en dwaas was en wat lieflik en loflik was.

Anders as wat die prestasie kultuur dikteer, word so ’n heldhaftige lewe nie uitbasuin nie, maar sag geleef in die “klein beriggies” van menslike bestaan, in die voetnote van die groot menslike joernaal.

Soos die karakter Marius dit sê in Victor Hugo se Les Misérables: “Die lewe, teenspoed, eensaamheid, prysgawe, armoede, dit alles is die slagvelde wat helde oplewer. *Beskeie, onbekende helde, dikwels groter as dié wat in roem gehul is.*”

Dit is nou reeds April 2024 en in die afgelope maande het nog twee bydraes deur Wilhelm Jordaan in die rubriek “Van Alle Kante” in Die Burger verskyn. Ek plaas geskandeerde weergawes hier omdat ek glo dit ook ‘n bietjie verduidelik hoekom ‘n mens so iets soos ‘n outobiografie aanpak !

Die Burger 25 Oktober 2023:

Komvandaan se ankers is penworteldiep

Van alle Kante
Wilhelm Jordaan

Vir baie mense het "my komvandaan" die voorkeurbegrip geword om oor hul herkoms en verlede na te dink, te skryf en te praat. Miskien het die bruin protesdigter Diana Ferrus se bundel *Ons komvandaan* (2006) iets daarmee te doen.

Hoe ook al, "komvandaan" is 'n sprekende manier om uitdrukking te gee aan 'n mens se plekbewussyn; die wete dat jy jare gelede 'n plek had, of steeds het, wat jou laat voel jy "behoort" – soos wanneer 'n mens ná 'n lang afwesigheid om 'n bekende draai gery kom en opeens weet: Dáár is my plek, 'n leefruimte gevul met die geure, kleure, mense, bome, plante, wind, weer en klanke wat jy liefhet.

Dié soort behoort maak van elke mens, diep binne-in, 'n plekdigter; een wat kan uitroep soos die mense van die ou Distrik Ses in Kaapstad dit gedoen het toe hulle jare ná hul gedwonge verhuising kon terugkeer: "Ons het die see en die berg teruggekry. Want die berg is ons gebeente en die see is ons bloed."

Om 'n plekdigter oor jou komvandaan te wees vereis nie juis bekwame digterskap nie; miskien net 'n hartsgereedheid om jou herkoms weer en weer te ag. Soos 'n kollega wat in kwantumfisika spesialiseer dit vertel het:

“Niks is meer soos dit toe was nie; toe alles so eenvoudig was.

Op 'n keer vlieg hy van Gauteng Kaap toe, die lugroete oor Kimberley. Toe die vlieënier aankondig hulle is nou oor Hopetown, herken hy doer ver onder die landmerke van die plaas van sy jeug; die plek waar sy ouers begrawe is en waar 'n broer nog boer. Sedertdien, as hy luglangs Kaap toe gaan, bespreek hy 'n sitplek aan die “plaaskant” van die vliegtuig. En elke keer loop die trane sommer vanself.

Waarvan die kollega praat, is die goedheid en die genadeloosheid van 'n mens se komvandaan; dat daar vir elkeen van ons 'n plek of plekke van herinnering is; en waarheen jy graag, as dit kan, teruggaan – selfs al gebeur dit met die seersnykant van nostalgie. Want dikwels is alles anders. Niks is meer soos dit toe was nie; toe alles so eenvoudig was. En dit so maklik was om te glo.

Herman van Veen sing daaroor in "Kind aan huis": "…Ik was hier kind aan huis / Het lijk zo lank geleden / Maar eens was ik hier thuis… Vroeger liep hier alles 15 jaar achter / Nu loopt zelfs de kerkklok vijf minuten voor / En niemand heeft zin om hem terug te draaien… / Er is meer vrije tijd maar niemand is vrij / Kind aan huis / Ik was hier kind aan huis…"

Wat ook al anders word (of dieselfde bly), jou komvandaan gee 'n tekstuur aan die self; 'n adres waar jy gevind kan word en waarvandaan jy kan vertrek om die wye wêreld in te vaar.

En as alles gedoen en gedaan is, sit jy, met filosofiese erns, terug en vra: Herken ek nog die seun wat ek wás in die man wat ek nou is? En kan ek Jan van Melle se Bart Nel napraat? "Ek is nog hý."

My komvandaan en my waareknoustaan loop hand aan hand.

■ Jordaan is 'n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die Burger 17 April 2024

Stories wys ook 'n gewone lewe het betekenis

Van Alle Kante

Wilhelm Jordaan

Mense sê dikwels: "Ek kan 'n boek oor my lewe skryf." Sommige droom daaroor, maar hulle kom nooit sover nie. Of hulle beperk die skrywery tot 'n dagboek wat "streng privaat" is; net vir eie oë bedoel.

Geskrifte oor die selwe wat 'n mens is, kom in verskillende gedaantes en die mediums strek van papirus in die vroegste tye tot vandag se internet.

Vir eers is daar die biografieë en outobiografieë van geskiedenismakers, byvoorbeeld Giovanni Boccaccio (1313-1375) se lewensbeskrywing van die digter Dante; N.P. van Wyk Louw se "lewensverhaal" deur J.C. Steyn; Nelson Mandela se outobiografie (*Long Walk to Freedom*); Phillip Tobias se outobiografie (*Into the Past: A Memoir*).

Dié soort lewensbeskrywings bevat die betekenis van 'n bepaalde mens se lewe en werk en wek 'n waarde-oordeel: Dié mens se lewensverhaal, wat ook al die gebreke en foute in die menslike mondering, is aangrypend, leersaam en ontsagwekkend.

Dan is daar hedendaagse (outo)biografiese "werke" in die vorm van hordes lewensverhale of *awesome life*-stories geboekstaaf in die elektroniese media. Dit handel hoofsaaklik oor glansmense se "outentieke" lewe – flentertjies voorvalletjies en belewenisies; aanmekaar gevleg deur oppervlakkige moraliserings oor wat die lewe hulle geleer het.

Daar is ook lewensverhale van gewone mense wat deur hul skrywes wesenlik tot verhaal wil kom in die eie verhaal en dit in verskillende formate vir familie en vriende nalaat.

Soms is dit oënskynlik gering en pastoraal-lokaal, byvoorbeeld Hennie Steyl se *Elandskloof in die Witteberge: Vroeë geskiedenis en leefwyse, sy mense, plante en diere en mooi herinneringe*; of *Velddrif se stories* deur Lokkie van Zyl. Ander kere is die eie mikrogeskiedenis verbind aan 'n land se makrogeskiedenis, soos Frik de Beer se *Die gestaltes wat in ons aanwesig is: Wording van 'n bleek Afrikaan*. Sulke werke is dikwels 'n self-publikasie en soms deur 'n uitgewery gepubliseer.

Dan is daar ook die honderde "onbekende" lewensverhale – daardie handgeskrewe of uitgetikte lewensverhale deur 'n ma, pa, ouma of oupa wat iets van hulself vir hul kinders, kleinkinders en agterkleinkinders wil "agterlaat" vir herbesoek in die later jare. Sê maar Annatjie Slabbert se *Wat laat ek agter en wat neem ek saam: Herinneringe uit my jeugjare te Kakamas*. En daarmee saam 'n aanhaling van die skrywer M.E.R. vooraan: "…want van julle wat ek so liefgehad het, gaan ek mos nooit weg nie, nee nooit nie."

Sulke verhale wat gebêre lê in kaste en laaie sê 'n gewone lewe hét betekenis, is nie 'n geringe voetnoot in die groot joernaal van die lewe nie. Alles van so 'n lewe word saamgevoeg in 'n herkenbare harmonie, 'n soort orde, 'n samehang wat ondanks gebreke mense se lewe verryk het. Sulke lewensverhale is net so aangrypend en ontsagwekkend as dié van die "groot geskiedenismakers"; dat die name van dié oënskynlike "klein mensies" nie 'n fluistering in die wind is nie, maar met eerbied en respek in herinnering geroep word.

■ Jordaan is 'n ontvanger van die Stalsprys vir sielkunde van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Terug na Inhoudsopgawe